UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# PRAKTYKMODEL VIR EGSKEIDINGSEVALUERING:

# `n SISTEMIESE PERSPEKTIEF OP DIE BELANGE VAN DIE MINDERJARIGE KIND BY SORG EN KONTAK

deur

MARTHA PETRO (HARMSE) KIMBERG

**VOORGELÊ TER GEDEELTELIKE VERVULLING VAN DIE VEREISTES**

**VIR DIE GRAAD**

**DOCTOR PHILOSOPHIAE**

**IN MAATSKAPLIKE WERK (D.PHIL)**

**IN DIE**
**FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE**
**DEPARTEMENT VAN MAATSKAPLIKE WERK EN KRIMINOLOGIE**

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

PROMOTOR: PROF. C.S.L. DELPORT

APRIL 2008 PRETORIA

# ERKENNING

`n Omvangryke projek soos hierdie studie berus op `n spanpoging. Verskeie persone het insette in die realisering van hierdie onderneming gelewer. My opregte waardering en dank word aan die volgende persone opgedra:

Prof. C.S.L. (Rina) Delport vir haar professionele leiding, hoogstaande standaard van verwagtinge, insig en begrip, ongelooflike geduld en ondersteuning.

Die Kantoor van die Gesinsadvokaat in Pretoria vir goedkeuring om betrokke te wees by en deelname aan die empiriese navorsing.

Doretha Rost vir uitstekende professionele taalversorging van die proefskrif.

Die Universiteit van Pretoria vir die toekenning van `n studiebeurs.

My man, Matt, vir eindelose liefde en geduld, praktiese en finansiële ondersteuning.

Alberto Mostert as tegnologiese assistent vir onbaatsugtige hulp met die toegewyde en hoogstaande gehalte van verwerking van die statistiese gegewens.

Joan Marais van UNISA se Regshulpkliniek asook Advokaat Van Niekerk van die Departement Justisie se Regshulpraad vir ondersteuning van die navorsing en betrokkenheid in verwysing van respondente en fasilitering van bronne.

Die respondente vir bereidwilligheid tot deelname aan die navorsingsprojek.

Amanda Badenhorst vir liefdevolle ondersteuning en aanmoediging deurentyd.

Al die vriende wat elk op `n besondere en unieke wyse bygedra het tot ondersteuning en aanmoediging ten einde hierdie projek te kon voltooi.

My kinders, Renier, Ronel en Niel vir hulle ondersteuning en aanmoediging.

In nederigheid en bewondering is ek dankbaar teenoor die Allerhoogste God vir die krag en energie, insig en wysheid, en geduld tot volharding in die verwesenliking van hierdie projek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# OPSOMMING


## PRAKTYKMODEL VIR EGSKEIDINGSEVALUERING: `n SISTEMIESE PERSPEKTIEF OP DIE BELANGE VAN DIE MINDERJARIGE KIND BY SORG EN KONTAK

**deur**

**MARTHA PETRO (HARMSE) KIMBERG**

**PROMOTOR: PROF. C.S.L. DELPORT**

**DEPARTEMENT: MAATSKAPLIKE WERK EN KRIMINOLOGIE**

**GRAAD: DOCTOR PHILOSOPHIAE (D.PHIL)**

In hierdie ondersoek is daar gepoog om die belange van die minderjarige kind in egskeiding te bevorder deur die egskeidingsevalueringsproses waarvolgens die belange van die kind bepaal word, te ondersoek en te beskryf. Die sisteemteoretiese benadering, wat op holisme as uitgangspunt gebaseer is, is gedefinieer en beskryf ten einde die sistemiese perspektief op die gesin-in-egskeiding uit te klaar. Voorts is egskeiding as internasionale fenomeen en die implikasies van egskeidingsdispute vir die minderjarige kind ondersoek en in terme van die juridiese en maatskaplike implikasies asook die beginsel van die "beste belang" van die kind beskryf en verduidelik. Navorser het `n selfontwikkelde praktykmodel vir egskeidingsevaluering ontwikkel en geëvalueer met die doel om die vasstel van die belange van die minderjarige kind in egskeiding te bevorder. Dit is gevolg deur die empiriese resultate, `n algemene opsomming, gevolgtrekkings en aanbevelings.

Die volgende navorsingsvraag is geformuleer om die ondersoekende en beskrywende gedeelte van die empiriese navorsing te rig: Wat is die aard en inhoud van die egskeidingsevalueringsproses wat in die praktyk deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat toegepas word ten einde die belange van die minderjarige kind te bevorder? Gelei deur die navorsingsvraag is die volgende hipotese geformuleer: Indien die sisteemteoretiese praktykmodel tydens egskeidingsdispute toegepas word, sal die beste belang van die minderjarige kind bevorder word.

Vir hierdie ondersoek, waar twee evalueringsprosesse met mekaar vergelyk is, was die kwantitatiewe navorsingsbenadering die aangewese keuse. Intervensienavorsing as tipe navorsing is volgens die Ontwerp- en Ontwikkelingsmodel toegepas. Die kwantitatief-beskrywende opname navorsingsontwerp is benut ten einde die doel van die studie te bereik, naamlik:

- Om `n praktykmodel vir egskeidingsevaluering te ontwikkel en empiries te evalueer ten einde die beste belang van die minderjarige kind te bevorder.

Voortspruitend uit die doel is die volgende doelwitte geformuleer:

- Om vanuit `n sisteemteoretiese perspektief egskeiding as maatskaplike verskynsel, die gesin as maatskaplike sisteem en die belange van die minderjarige kind, teoreties te konseptualiseer.
- Om die huidige egskeidingsevalueringsproses, soos deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat toegepas, te ondersoek en te beskryf.
- Om `n praktykmodel vir egskeidingsevaluering vanuit `n sisteemteoretiese perspektief, wat die belange van die minderjarige kind bevorder, te ontwikkel.
- Om die effektiwiteit van die nuut ontwikkelde praktykmodel vir egskeidingsevaluering empiries te evalueer.
- Om aanbevelings te maak ten opsigte van die praktykbenutting van die nuut ontwikkelde praktykmodel om die belange van die minderjarige kind in egskeidingsevaluering te bevorder.

Ten einde die heersende evalueringsproses wat deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat in egskeidingsdispute toegepas word met die evalueringsproses soos deur die nuut ontwikkelde praktykmodel toegepas is, te kon vergelyk, het navorser `n vraelys ontwerp vir evaluering van beide prosesse. Die vraelys het uit die volgende drie afdeling bestaan: (1) die professionele profiel van die deskundige (gesinsraadgewer/navorser); (2) profiel van die gesinsisteem in egskeiding wat geëvalueer is; en (3) die aard en inhoud van die evalueringsproses vir egskeidingsdispute. Voltooiing van die vraelys deur die deskundiges wat die twee egskeidingsevalueringsprosesse toegepas het, het meegebring dat die data vergelykbaar was. Daarvolgens kon die twee evalueringsprosesse dus vergelyk word en die effektiwiteit van die nuut ontwikkelde praktykmodel empiries geëvalueer word.

Die empiriese resultate ten opsigte van die toepassing van die twee egskeidingsevalueringsprosesse in die praktyk, het `n wesenlike onderskeid

in die aard en inhoud van die twee prosesse met betrekking tot die beste belang van die minderjarige kind aangetoon.

Dit het geblyk dat in die toepassing van die egskeidingsevalueringsproses deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat die assessering van die behoeftes, wense, ontwikkelingsvlak, verhoudings asook sistemiese verbintenisse van die minderjarige kind nie prioriteit geniet nie. Tydsbesteding aan konsultasies met die minderjarige kind is baie beperk en is slegs op `n ad hoc basis uitgevoer. Kollaterale bronne is ook op `n ad hoc basis betrek sodat dit nie moontlik was om die sistemiese verbintenisse van die minderjarige kind te eksploreer nie.

Die evalueringsproses soos deur die nuut ontwikkelde praktykmodel toegepas is, bepaal as `n standaard prosedure individuele konsultasies vir assesseringsdoeleindes met die minderjarige kind ten einde die wense, behoeftes, ontwikkelingsvlak, verhoudings en sistemiese verbintenisse te kan bepaal met die oog op die vasstelling van die beste belang van die minderjarige kind vir die post-egskeidingsfase. Voldoende tydsbesteding aan die assessering van die minderjarige kind het hoë prioriteit volgens die praktykmodel geniet. Die evalueringsproses volgens die nuut ontwikkelde praktykmodel het kollaterale bronne as `n standaard prosedure betrek sodat die sistemiese verbintenisse van die minderjarige kind volledig geëksploreer kon word.

Dit het dus uit die empiriese resultate geblyk dat die hipotese wat vir die studie gestel was, bevestig is.

Kern terme:

Sisteem, gesin, minderjarige kind, egskeiding, assessering, evaluering, egskeidingsevaluering, sorg en kontak, beste belang van die kind, praktykmodel, Kantoor van die Gesinsadvokaat.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# SUMMARY

## PRACTICE MODEL IN DIVORCE EVALUATION: A SYSTEMS PERSPECTIVE ON THE INTERESTS OF THE MINOR CHILD IN CARE AND CONTACT

by

**MARTHA PETRO (HARMSE) KIMBERG**

**PROMOTER: PROF. C.S.L. DELPORT**

**DEPARTMENT: SOCIAL WORK AND CRIMINOLOGY**
**DEGREE: DOCTOR PHILOSOPHIAE (D.PHIL)**

The aim of this study was to promote the interests of the minor child in a divorce situation, through an investigation into the process of assessment and evaluation whereby the best interests of the minor child in divorce disputes are determined. The systems theory approach, which sees holism as basic principle, was defined and described to explain the systems perspective of the family system in a divorce situation. Divorce as an international phenomenon and the implications of divorce disputes on the minor child were investigated, described and explained according to the legal and social implications as well as the principle of "the best interests" of the child. The researcher presented a self-developed practice model for divorce evaluation with the aim to promote the best interests of the minor child in divorce disputes. The study was concluded with the empirical results, a general summation, conclusions and recommendations.

One research question was formulated to guide the investigative and descriptive part of the study, namely: What is the nature and content of the process of evaluation in divorce disputes to determine the best interests of the minor child which is administered by the Office of the Family Advocate?

The following hypothesis was formulated according to the research question: If the practice model in divorce evaluation, based on systems theory, is administered in divorce disputes, the best interests of the minor child will be promoted.

The quantitative research approach was selected in this investigation where two processes of evaluation were to be compared and the type of research was identified as Intervention Design and Development. The quantitative-descriptive survey design was selected to achieve the following goal of the study, namely:

- To develop a practice model for evaluation in divorce and to evaluate the practice model empirical to promote the best interests of the minor child.

In order to obtain the goal of the study the following objectives were formulated:

- To conceptualise theoretically divorce as social phenomenon, the family as social system and the interests of the minor child from a systems perspective.
- To investigate and describe the current process of evaluation in divorce disputes as it is administered by the Office of the Family Advocate.
- To develop a practice model for evaluation in divorce disputes from a systems perspective to promote the interests of the minor child.
- To evaluate empirically the effectiveness of the newly developed practice model for evaluation in divorce disputes.
- To make recommendations regarding the implementation of the newly developed practice model to promote the interests of the minor child in divorce disputes.

A questionnaire was developed by the researcher to enable the comparison of the two processes of evaluation in divorce disputes. The questionnaire had three sections, namely: (1) the professional profile of the expert investigator (family counsellor/researcher); (2) profile of the family system who was evaluated; and (3) the nature and content of the process of evaluation. Data from the questionnaires completed by the expert investigators was compared to enable researcher to evaluate the effectiveness of the newly developed practice model to promote the interests of the minor child.

The empirical results from the two evaluation processes confirmed a distinct difference in the nature and content of the two processes.

The evaluation process in divorce as done by the Office of the Family Advocate did not put emphasis on the assessment of the needs, wishes, developmental status, relationships or systemic bonds of the minor child in a

divorce situation. The time allocated to assessment of the minor child is extremely limited and consultations with the minor child was only done on an ad hoc basis. Consultations with collateral sources were also done on an ad hoc basis. It was thus not possible for family counsellors to explore in-depth the systemic relationships of the minor child in a divorce situation.

The evaluation process according to the new practice model recognised the importance of individual consultations with the minor child. Individual assessment of the minor child was done as a regular procedure to establish the needs, wishes, developmental status, relationships as well as the systemic associations of the minor child in a divorce situation. The practice model recognised the need for adequate time allocation for assessment of the minor child. Exploring collateral sources was done as a standard procedure according to the practice model to allow opportunity for assessment of the systemic bonds of the minor child.

The empirical results confirmed the hypothesis which was developed for this study.

Key words:

System, family, minor child, divorce, assessment, evaluation, divorce evaluation, care and contact, best interests of the child, practice model, Office of the Family Advocate.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# INHOUDSOPGAWE


ERKENNING ii

OPSOMMING iii

SUMMARY vi


## HOOFSTUK 1

## ALGEMENE INLEIDING


1.1. Inleiding 2

1.2. Rasionaal vir die studie 3

1.3. Probleemformulering 5

1.4. Doel en doelwitte van die studie 9

1.5. Navorsingsvraag en hipoteseformulering 10

1.6. Navorsingsbenadering 12

1.7. Tipe navorsing 13

1.8. Navorsingsontwerp en –prosedures 29

1.9. Voorondersoek 32

1.10. Universum, populasie, steekproef en steekproefwyse 32

1.11. Etiese aspekte 34

1.12. Tekortkominge van die studie 42

1.13. Definisies van hoofkonsepte 44

1.14. Indeling van navorsingsverslag 52

1.15. Slotsom 53

## HOOFSTUK 2

## ALGEMENE SISTEEMTEORIE AS TEORETIESE FUNDERING IN EGSKEIDINGSEVALUERING

| | | |
|---|---|---|
| 2.1. | Inleiding | 55 |
| 2.2. | Die inhoud van die algemene sisteemteorie | 60 |
| 2.3. | Die waarde van die algemene sisteemteorie | 91 |
| 2.4. | Slotsom | 94 |

## HOOFSTUK 3

## DIE GESIN AS MAATSKAPLIKE SISTEEM

| | | |
|---|---|---|
| 3.1. | Inleiding | 97 |
| 3.2. | Die veranderende gesinsisteem | 100 |
| 3.3. | Die verwantskap tussen die gesin as maatskaplike sisteem en die juridiese sisteem | 133 |
| 3.4. | Samevatting | 143 |

## HOOFSTUK 4

## DIE MINDERJARIGE KIND AS SUBSISTEEM IN DIE GESINSISTEEM

| | | |
|---|---|---|
| 4.1. | Inleiding | 147 |
| 4.2. | Subsisteme binne die gesinsisteem | 149 |
| 4.3. | Mensontwikkeling van die minderjarige kind | 157 |
| 4.4. | Behoeftes van die minderjarige kind tydens die ontwikkelingsfases | 179 |

4.5. Samevatting 192

HOOFSTUK 5

EGSKEIDING AS MAATSKAPLIKE PROBLEEM

5.1. Inleiding 197

5.2. Konseptualisering van egskeiding as maatskaplike probleem 200

5.3. Voorkoms van egskeiding as maatskaplike probleem 204

5.4. Egskeiding as proses 214

5.5. Die sistemiese impak van egskeiding 231

5.6. Slotsom 245

HOOFSTUK 6

DIE BELANGE VAN DIE MINDERJARIGE KIND BINNE DIE KONTEKS VAN EGSKEIDING

6.1. Inleiding 248

6.2. Konseptualisering van die konsep minderjarige kind 253

6.3. Die implikasies van egskeiding vir die minderjarige kind 254

6.4. Uitklaring van die beginsel: “Die beste belang van die kind“ 277

6.5 Samevatting 298

## HOOFSTUK 7

## GESINSASSESSERING IN EGSKEIDINGSEVALUERING VANUIT `N SISTEMIESE PERSPEKTIEF

| | | |
|---|---|---|
| 7.1. | Inleiding | 302 |
| 7.2. | Konseptualisering van die volgende konsepte: Gesinsassessering, egskeidingsevaluering en maatskaplike funksionering | 304 |
| 7.3. | Rasionaal vir gesinsassessering binne die konteks van egskeiding | 311 |
| 7.4. | Dimensies van gesinsassessering binne die sistemiese konteks | 314 |
| 7.5. | Eienskappe van gesonde funksionerende gesinsisteme | 331 |
| 7.6. | Samevatting | 333 |

## HOOFSTUK 8

## MODEL VIR GESINSASSESSERING IN EGSKEIDINGSEVALUERING

| | | |
|---|---|---|
| 8.1. | Inleiding | 335 |
| 8.2. | Grondliggende uitgangspunte van die model vir gesinsassessering | 336 |
| 8.3. | Die aard en praktiese toepassing van die model gesinsassessering | 344 |
| 8.4 | Waarde van die model | 371 |
| 8.5 | Slotsom | 372 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 9

EMPIRIESE RESULTATE


| | | |
|---|---|---|
| 9.1 | Inleiding | 376 |
| 9.2 | Doel en doelwitte van die studie | 377 |
| 9.3 | Navorsingsvraag en hipotese van die studie | 378 |
| 9.4 | Navorsingsmetodologie | 378 |
| 9.5 | Empiriese resultate | 380 |
| 9.6 | Samevatting | 461 |


HOOFSTUK 10

ALGEMENE SAMEVATTINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS


| | | |
|---|---|---|
| 10.1 | Inleiding | 464 |
| 10.2 | Literatuurstudie | 467 |
| 10.3 | Empiriese resultate | 479 |
| 10.4 | Bereiking van doel en doelwitte van die studie | 501 |
| 10.5 | Slotsom | 502 |

BIBLIOGRAFIE 504


LYS VAN AANHANGSELS


Aanhangsel A: Brief ter goedkeuring van navorsing deur Kantoor van die gesinsadvokaat 527

Aanhangsel B: Brief aan praktisyns ter bekendstelling van die navorsingsprojek 534
Aanhangsel C: Ingeligte toestemmingsvorm vir gesinsraadgewers 536
Aanhangsel D: Ingeligte toestemmingsvorm vir gesinsisteme 539
Aanhangsel E: Ooreenkoms van dienslewering met gesinsisteme 542
Aanhangsel F: Riglyn vir gesinsassessering in egskeiding 546
Aanhangsel G: Vraelys vir gesinsraadgewers/navorser 552

## LYS VAN TABELLE

Tabel 1: Aantal lede per gesinsisteem wat geëvalueer is 384
Tabel 2: Professionele tegnieke deur gesinsraadgewers toegepas 399
Tabel 3: Professionele vaardighede deur gesinsraadgewers toegepas 400
Tabel 4: Leidinggewende faktore in die evalueringsproses 415
Tabel 5: Professionele tegnieke deur die navorser toegepas 440
Tabel 6: Professionele vaardighede deur die navorser toegepas 441
Tabel 7: Aanbevelings ten opsigte van egskeidingsdispuut na evaluering 456
Tabel 8: Faktore wat egskeidingsevaluering kan bevorder 460
Tabel 9: Bereiking van die studiedoelwitte 501

## LYS VAN FIGURE

Figuur 1: Voorstelling van die unieke samestelling van elke gesin 55
Figuur 2: Voorstelling van die proses van teoretisering 61
Figuur 3: Voorstelling van die aanvullende beredeneringsproses 64
Figuur 4: Hiërargiese sistemiese verwantskap van die gesinsisteem 101
Figuur 5: Interverwantskap van sistemiese vlakke in gemeenskap 103
Figuur 6: Skematiese voorstelling van sistemiese wisselwerkende verhoudings 338

Figuur 7: Fases en komponente van praktykmodel 344

Figuur 8 - 78: Grafieke van empiriese resultate 380- 460